

VIERDE VASTYD SONDAG – JAARKRING C

Eerste Skriflesing: Josua 5: 9-11

Beurtpsalms: Psalm 34: 2-7

Tweede Skriflesing: 2 Korintiërs 5: 17-21

Evangelie: Lukas 15: 1-3. 11-32



Vandag vier ons *Laetare Sondag* na aanleiding van die Latyn vir die eerste woorde van die intreevers ‘*verbly jou*’. Dit herinner ons daaraan dat die Vastydseisoen geensins somber of swartgallig is nie. In dié tydperk waarin ons op bekering en berou fokus maak ons kennis met God se oneindige genade en barmhartigheid soos versinnebeeld in vandag se Evangelie voorlesing oor die Verlore Seun, of meer gepas, die Barmhartige Vader. Met dié gelykenis openbaar Jesus aan ons hoe en wie God eintlik is. Maak nie saak watter rigting ons lewe ingeslaan het nie, maak saak hoe ver ons afgedwaal het nie, ons Hemelse Vader wag ons in met ope arms. Ons troueloosheid beantwoord Hy met eindelose trou. God is die Een wat na ons soek en op ons wag. Hy wil ons terug huis verwelkom. Elke keer as ons die biegstoel nader neem ons Vader ons terug in sy omhelsing. Kom ons keer terug na ons Barmhartige Vader.